

# EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK
## ALBERTON

## MAANDBLAD JANUARIE – APRIL 2026

## LERAAR

**Ds Johan Alberts** 081 054 7873

## KERKRAAD DAGBESTUUR

**VISE-VOORSITTER**
Kobus v Wyk 072 437 8385
**SKRIBA**
Danie Senekal 082 556 9522

## KERKRAAD

Kobus v Wyk 072 437 8385
Danie Senekal 082 556 9522
Arnold Botha 082 338 6454
Frikkie Schutte 082 779 5946
Kobus de Meyer 082 903 9443
Johan Strydom 083 317 1242

## CVV DAGBESTUUR

**VOORSITTER**
Zanchia Alberts 069 514 2261
**VISE-VOORSITTER**
Charmaine Senekal 084 580 8985
**SEKRETARESSE**
Amanda van Wyk 079 895 7276

## INLIGTING

Charmaine Senekal 084 580 8985

## MEDIA BEDIENING

CD verwerking & verspreiding
Frikkie Schutte 082 779 5946

## OMGEE GROEPE

**SOUTHCREST**
Kobus de Meyer 082 903 9443
**VERWOERDPARK**
Danie Senekal 082 556 9522
**BRACKENHURST**
Kobus v Wyk 072 437 8385
**RANDHART**
Frikkie Schutte 082 779 5946

## KINDERBEDIENING & JEUG

Kobus v Wyk 072 437 8385

egkerkalberton1@gmail.com
www.egkalberton.co.za
E G KERK ALBERTON

## DIENSTYE

**SONDAE**

- Sondagoggend: 09h15
- Sondagaand: Geen aanddiens
- Kinderbediening: Direk na oggenddiens (behalwe vakansie)
- Spesiale tyd van gebed elke Sondag 8:30, Klaskamer 2

**OMGEE GROEPE EN BIDUUR**

- 29 Jan / 26 Feb. / 26 Mrt. / 23 Mrt. CVV biduur by pastorie 10:30
- 4 Feb. / 4 Mrt. / 8 Apr. Biduur in kerk 19:00
- 5 Jan. / 4 Feb. Nie werkendes Bybelstudie 10:30

## FINANSIES

**KOLLEKTE**

- Kollekte: Elke Sondag tydens diens
- R5 Projek: Elke Sondag na die diens

**TIENDES, OFFERGAWES, CVV BYDRAES**

- ABSA BANK: Rekening No: 210164685, Tak Kode: 632005
- Verwysing: Waar die bydrae aangewend moet word

**FONDSINSAMELING**

- Geen

## BELANGRIKE DATUMS

- 1 Jan. Nuwejaarsdag
- 14 Jan. Skole open
- 18 Jan. Kinderbediening begin
- 18 Jan. Verootmoedigings diens / Gebedsdiens 16:00
- 19-21 Jan. Verootmoedigings diens 19:00
- 25 Jan. Kinderbedieningvergadering
- 1 Feb. Bybelsondag CVV/ Kerkraadsvergadering
- 8 Feb. Nagmaal
- 21 Feb. Gemeente ontbyt 8:00
- 15 Mrt. Kinderbedieningvergadering
- 21 Mrt. Menseregtedag
- 27 Mrt. Skole sluit

# EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK
## ALBERTON

## BELANGRIKE DATUMS

- 2-6 April — Eden Paaskonferensie
- 2 April — Goeie Vrydagdiens 8:00
- 5 April — Paassondag
- 6 April — Gesinsdag
- 8 April — Skole open
- 12 April — Kinderbediening begin / CVV/ Kerkraadsvergadering
- 24-27 April — Nasionale Jeugkamp
- 27 April — Vryheidsdag

### 10 GEBOOIE UIT 'N ANDER OOGPUNT....
~ Tien Beloftes ~



### 10 GEBOOIE UIT 'N ANDER OOGPUNT....
~ Tien Beloftes ~

**Eerste belofte:**

As Ek die eerste plek in jou lewe inneem, sal jy geen ander gode wil dien nie, want Ek sal die ereplek in jou lewe hê!

## VERJAARSDAE

- 1 Jan. — Anet Smit
- 2 Jan. — Johan Strydom
- 3 Jan. — Tersia Schutte
- 5 Jan. — Pieter Smit
- 10 Jan. — Sirié Kruger
- 11 Jan. — Herman Holtzhausen
- 27 Jan. — Janet Willemse
- 12 Feb. — Beverly v Niekerk
- 15 Feb. — Kobus de Meyer
- 17 Feb. — Renell Bekker
- 18 Feb. — Anna Herbst
- 25 Feb. — André Bekker
- 2 Mrt. — Wally Collett
- 5 Mrt. — Johan v d Merwe
- 4 Apr. — Diana Jonker
- 29 Apr. — Arnold Botha

### 10 GEBOOIE UIT 'N ANDER OOGPUNT....
~ Tien Beloftes ~

**Tweede belofte:**

As Ek in jou hart woon, sal dit nie nodig wees om gesnede beelde van My te maak nie, want jy sal self My beeld dra!

# EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK
## ALBERTON



**10 GEBOOIE UIT 'N ANDER OOGPUNT....**

*~ Tien Beloftes ~*

**Derde belofte:**

As jy My liefhet, sal My naam nooit 'n vloekwoord oor jou lippe kan wees nie, maar in alle omstandighede deur jou eerbiedig en gerespekteer word!

**Vierde belofte:**

As Ek die ereplek in jou lewe het, sal Sabbat die hoogtepunt van die week vir jou wees. Dit sal vir jou 'n vreugde wees om in die Gemeenskap van die gelowiges My te aanbid. 'n Dag om na uit te sien, nie om teen op te sien nie!

## VOORBIDDING

SIEKES

- André Havenga, Anna Herbst, Frikkie Schutte, Kobus de Meyer, Sally Wagenaar, Wally Collett.

- Babs Moorcroft, Charlotte Willemse (Janet Willemse se skoonsuster), Deon du Plessis, Elzette Smith, Johan Hoon (Tersia Schutte se neef), Johan van Huyssteen (Dalene Cilliers se broer) Jan Kleynhans (Suzette le Grange se broer), Tinus Ferreira, Zaiden Botha (Arnold en Faith se kleinseun), Gerhard v Staden (Jan Cilliers se neef).

- Ds. Jan du Raan, Ds. Gert Coetzer, Ds. Johnnie Mienie, Mev. Annelie Jones

- **Redding Van Siele**
- **Gemeente** (Groei, Kinderbediening, Finansies)
- **Sendelinge**
  - Elmar & Nadine Du Rand *(Japan)*
  - André & Manda van Niekerk *(Namibië)*
  - Ds. Karabo Masilela *(Katlehong)*
- **E.G. Kerk** (Groei, Predikante, Kweekskool)
- **Suid – Afrika**
  - Regering
  - Boere Op Plase
  - Reën

## DANKSEGGING



- **Ons kan die Here dank vir die groot werk wat hy doen onder die siekes.**
- **Dankie vir die reën.**
- **Wat moet ons ingedagte hou vir 2024?**

❖ **Herinner die Here aan Sy beloftes vir ons gemeente. Hieronder is van die beloftes: Heb 10: 23; Jer 29: 11-14; Jer 33:10-11 Joel 2:23 en Ps 115:11-18 2.**

❖ **Leef die vrug van die Gees uit: Gal 5: 22 Liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing**

❖ **Waak en bid: Mark 13:33; Matt 26:41 Waaroor moet ons bid? Vir jouself, gemeente, redding van siele. Veral vir familie en vriende, ons dorp en ons land.**

Kobus J van Wyk

# BARMARTIGHEIDSDIENS



*Ons benodig asseblief nie bederfbare produkte: Blikkies Kos, Boks-Melk, Koffie, Tee, Suiker ensovoorts...*

*Daar is 'n grys krat agter in die saal waarin u die items kan plaas.*

*Kontak Persoon: Arnold Botha 082 338 6454*

*Byvoorbaat dankie vir u bydrae..*

## 10 GEBOOIE UIT 'N ANDER OOGPUNT....

~ Tien Beloftes ~

### Vyfde belofte:

As Ek in jou lewe is, sal dit vir jou 'n voorreg wees om jou ouers te eer en lief te hê. Dit sal nie vir jou moeilik wees nie, want agter Hulle sal jy My sien wat hulle vir jou uitgekies het!

## 10 GEBOOIE UIT 'N ANDER OOGPUNT....

~ Tien Beloftes ~

### Sesde belofte:

As jy my liefde jou eie gemaak het, sal jy nooit iemand wil seermaak of haat nie, wat nog te sê doodmaak!

### Sewende belofte:

As jy My liefhet, sal dit nie moeilik wees om aan jou lewensmaat getrou te wees nie. As Ek 'n plek in jou huwelik het, sal julle vir mekaar lief wees en julle geluk sal ek in my hande bewaar en vashou!

### Agtste belofte:

As Ek op die troon van jou lewe sit, sal jy daagliks vra: 'Aan wie en waar kan ek aan 'n ander iets gee en jy sal nooit iets van 'n ander wil neem nie?'

### Negende belofte:

As Ek in jou lewe is, sal dit nie meer vir jou lekker wees om van 'n ander kwaad te praat nie. Deur my gees sal jy 'n mens wees wat van 'n ander niks sal sê as dit nie iets goeds is nie!

### Tiende belofte:

As jy een met My is, sal My gees jou tevredenheid gee om vergenoegd te wees met wat jy het, met die besef dat YAHWEH gee soos wat jy nodig het en wat Hy gee, gee Hy altyd genoeg sodat jy niks sal kortkom nie!

Amen

Artikel geleen.